**Reeks: Letters to live by**
**Titel:** ... Ontlediging
**Prediker: Johan Geyser**
**Datum:** 27 Mei 2012

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Think of yourselves the way Christ Jesus thought of Himself. He had equal status with God but didn't think so much of Himself that He had to cling to the advantages of that status, no matter what, not at all. When the time came He set aside the privileges of deity and took on the status of a slave, became human. Having become human He stayed human. It was an incredible, humbling process. He didn't claim special privileges.

Instead He lived a selfless, obedient life and then died a selfless, obedient death, and the worst kind of death at that; a crucifixion. Because of that obedience God lifted Him high and honoured Him far beyond anyone or anything ever, so that all created beings in heaven and on earth, even those long ago dead and buried, will bow in worship before this Jesus Christ and call out in praise that He is the master of all, to the glorious honour of God, the Father.

Ons gaan die verse van Filippense 2 weer saamlees. As die Bybel 'n bergreeks was is ons nou by een van die hoogste pieke van hierdie reeks, dalk by Mount Everest. Paulus sê as daar enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, wonderlike ervaringe van die Christen lewe, nie idees nie, ervaringe, troos, gemeenskap van die gees, maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel en een van sin, geïnspireer deur die Heilige Gees, sê Paulus.

Jy kan baie ervaringe hê, riële, genuine ervaringe, maar dit kan dalk apart wees van jou verhoudinge. Dit kan dalk... jou dalk nie so affekteer dat jy die... in die liefde leef en in eenheid en in harmonie leef nie. En nou sê hy dis God se wens dat jy so sal leef, want dit is waar die lewe lê. Dis waar jy dit kry, in daardie diepe verhoudinge. Moenie iets doen uit selfsug of ydele eer nie. Dis die probleem. Dis wat jou weerhou van daardie lewe, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

Julle moenie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar ook na 'n ander s'n, want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Jesus was. Hy wat in die gestalte van God was het dit geen roof geag om aan God 'n lei [?] te wees nie. Hy het homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en in die mense gelyk te word en die gedaante gevind.

As 'n mens het hy homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God hom ook uitermate verhoog en hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die naam van Jesus sou buig elke knie wat in die hemel en wat op die aarde en wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

Is dit nie wonderlik om in 'n verhouding te staan waar daar harmonie en liefde is nie? As jy dit beleef dan sal jy woorde gee soos dis die lewe. Dit gee my energie, dit gee my sin. Ek sien so uit na ontmoetings. Dit gee vir my 'n sekuriteit in my lewe. Dis vir my meer werd as enige iets anders as jy dit proe.

Die teenoorgestelde is ook die waarheid. As jy in 'n verhouding is en daar is 'n verbintenis, en die spasie tussen jou en iemand anders is besoedel, dan kan dit irriteer. Dit kan moeg maak, dit kan... wat... waaroor gaan dit? Die lewe is nie die moeite werd nie. Dit kan frustreer. 'n Verhouding is 'n lewendige ding tussen jou en iets anders, en hy kan... en hy is dinamies, en hy kan verander, en dis hoekom Paulus sê julle moet dit verander.

Kyk, as jy in so 'n verhouding staan is jy nie gelukkig nie. Jy val nie in dit nie. Dis net in verliefdheid wat ons val, maar ons val ook weer uit dit uit. Dis die enigste tipe liefdesverhouding waar jy hoef niks voor te doen nie. As jy jou kry is jy in hierdie ding, en jy verdien dit nie. En dis hoekom baie mense so verlief is nou op verliefdheid. Ek... ek... dis wat ek wil hê. Ek hoef nie te werk nie. Is dit nie hoe die lewe is nie? Dit kom net, dit is net daar.

Maar ongelukkig, nee, dis nie hoe dit is nie, en dan val jy weer uit dit uit. En daarom sê Paulus vir hulle, kom, julle moet dit maak. Maak dit, maak dit een, word een, en dis 'n diep, groot ding, een van siel, een van sin te wees, in liefde te leef met mekaar, want dis waar die lewe lê. Jy is so gelukkig vandag as wat jy is in jou verhoudings, en daarom, kry dit, en dan wonder 'n mens nou, hoekom is dit dat dit so moeilik is. Hoekom? Want dit is moeilik, nê.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ons almal is uitgedaag op een of ander manier om hierdie soort verhoudings te skep. Nasies is uitgedaag, en weet jy, as ŉ mens van buite af staan dan kan jy dit nie lekker verstaan nie. Hoekom doen hulle nie net dit? Ek verstaan nie, die toetsies. Rwanda, ek verstaan nie wat is hulle probleem nie. In Ierland, wat is die probleem tussen die Katolieke en die Protestante daar? En dit hou nie op nie. Palestina, Israel, wat is hulle...? Kom oor... get over it. Almal kan wen uit hierdie ding uit.

In huweliksverhoudings, as jy buite staan, ai, hulle is so kinderagtig. As daardie een net vergewe en hierdie een net bely sal alles uitwerk, maar dit wil nie. En ons het idees wat die probleem is agter hierdie konflik wat daar bestaan tussen ons en ander, nê. Party van ons analiseer dit en ons kom uit met ŉ sosiologiese oplossing. Dis kulture wat bots. Ten diepste lê dit teen kulture wat nie dieselfde is nie.

Ander sê nee, die meer psigiese persoonlikheidsbenadering, dis persoonlikhede wat bots. Ander ouens sê dis sisteme wat bots. Ander ouens sê... die opvoedkundiges sê dit is opvoeding. Dis die grootste probleem. Jy weet, die televisie advertensie van die babatjie, en dan is daar sulke flitse, jy weet, van onreg en bad goed en kriminele aktiwiteite en al sulke goed wat gebeur later in die lewe, en dan onder aan, niemand word so gebore nie. Wat... wat is die idee agter dit? Wat is die filosofie agter dit? Jy kry dit. Deur rolmodelle word dit vir jou gegee. Jy word so gemaak deur die lewe en dit is iets wat van buite af kom, so ontleer dit, kry nuwe rolmodelle, kry nuwe education. Dis die solution met die probleme waarmee ons sit vandag.

Paulus kom met ŉ interessante nuwe analise en diagnose, en dalk is dit belangrik om die regte diagnose te kry as ons ŉ oplossing wil kry vir die probleem. Hy sê dis ŉ hartsprobleem, dis ŉ geestesprobleem, ten diepste. Ja, hy kan sosiale, psigiese... hy kan klomp dimensies hê, maar ten diepste is hierdie probleem ŉ hartsprobleem. Dis selfsug en dis ydele eer. Wow, die woorde, die insig, persoonlikheidsinsig, psigiese insig in die mens word vir ons gegee.

En dis twee moeilike woorde daardie. As jy tien vertalings lees gaan jy tien verskillende vertalings kry en woorde kry vir daardie twee woorde wat Paulus gebruik. Dit wys ons dat daardie woorde baie betekenismoontlikhede het. Ek dink dis belangrik om te probeer net iets te snap van die omvang van dit wat hy sê. Ek dink die sequence, die volgorde van hierdie woorde is ook belangrik. Dis selfsug, wat iets van die proses van innerlike funksionering uitspel, en dan is dit ydele eer, wat iets van die diepe motivering uitspel van hierdie soort funksionering.

Nou, selfsug, en ongelukkig is hierdie twee woorde twee baie negatiewe woorde, jy weet, dis asof ons almal dadelik sê, maar moenie sulke sonde.. moenie so selfsugtig wees in al hierdie goed nie, maar Paulus aksentueer dit en hy gebruik twee negatiewe woorde juis omdat dit in die funksionering van sy tyd twee positiewe maniere is van funksionering, en ek dink dis presies dieselfde situasie waarin ons vandag is.

Selfsug beteken dat ek daardie sug na die self het. Ek het hierdie groot ding in my, dryf in my, gesindheid in my, instelling, paradigma, noem dit wat jy wil. Dis ŉ groot ding hier in my dat ek wil my lewe beheer, en ek dink ek weet wat ek moet doen en wat het ek nodig om regtig gelukkig te wees, en ek is in die middelpunt van my hele denke en van hierdie hele bestaan en hierdie hele wêreld sien ek myself in die middelpunt van dit alles.

En van kleins af is ek gekondisioneer, nê, en het ek vroeg geleer as ek wil lewe dan het ek dinge nodig. Ek het kos nodig. Ek het beskerming nodig. Ek het speelgoed nodig. En dan het ek iemand nodig om dit vir my te kan gee. Ek kan nie al hierdie goed self kry nie, maar wat hierdie mense van my dink is verskriklik belangrik, so ek moet sekere goed doen, so dis gedrag, dis optrede, dis die denke van mense. Dis goed wat ek in die hande moet kry om te kan lewe.

En ek werk vir myself ŉ manier uit soos wat ek groter word, baie van ons op ŉ onbewustelike vlak. Ons noem dit... ons kan dit ŉ geluksprogram noem, die manier waardeur ek vervulling en geluk in hierdie lewe sal kry, en dit wil na my toe kom. Dis my lewe waaraan ek vashou. Dis my lewe wat ek vir myself skep, so ek moet goed kry, en dan, wat die mense van my dink, en ek moet goed doen, so ek is baie gesteld op wat het ek gedoen en wat het ek bereik en wat het ek, en wat dink die mense van my. En dit is diep vormende magte binne in my, hierdie kragte wat in my werk, wat my identiteit vorm, wat my lewe vorm.

En as dit bedreig word is ek oombliklik ontsteld, nê. Ek kan gefrustreerd word, hoekom kry ek dit nie, nê, en dan kan ek... iemand anderster kry dit, dan is ek jaloers. Hoe kan daardie ou dit kry? Ek het baie meer gedoen. Ek verdien dit baie meer as daardie ou. Hy verdien dit nie. En as ouens nie van my hou nie dan is ek, o, ek is... dis verskriklik. Hulle... ek hoor hulle skinder van my. Hulle sê hierdie goed. Hoe kan daardie ou van my skinder? En


**© 2012 Mosaïek**

ek is kwaad vir daardie ou wat hierdie goed van my skinder, want wat daardie mense van my dink is verskriklik belangrik, want... want dit... dit bedreig hierdie lewe wat ek wil skep vir my. Dis nie lewe van selfsug.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

En dan sê Paulus, die diepe motivering agter dit is ydele eer. Eer is doksa. Dis ook die woord wat vertaal word met heerlikheid. Die woord beteken letterlik gewig of waarde, belangrikheid. Ons almal smag na belangrikheid. Ons almal smag en soek na eer, na heerlikheid. Dis hoe ons gemaak is, en nou het ek hierdie programme geskryf, en wat my ten diepste dryf hierdeur is om daardie heerlikheid te kan ontvang, so om daardie eer te kan ontvang, want ek voel ek het dit nie.

En dit is miskien een van die goed wat die belangrikste is vir ons in ons lewens, en dis die goed wat ons die meeste vrees, is om dit nie te hê nie, is om niks te wees nie. En dis nie miskien soseer om sleg te wees nie, maar dis om niks te wees nie. En jy weet, die kere waar ek hieroor gedink het en tot so ŉ diepe besef gekom het was toe ek net ŉ paar maande in die bediening was, en ek kry ŉ oproep van ŉ gesin in Bloemfontein, terwyl ek ŉ studenteleeraar was daar, om te gaan praat met ŉ kind wat in die weermag is en weggeloop het uit die weermag uit, en die ouers het nou die militêre polisie gebel om te sê hulle kind is by die huis, hy het gedros, hy is op AWOL; absense without leave.

En nou gaan hy gevang word, en dan gaan hy natuurlik in die DB gesit word, die detensie barakke, en hy gaan ŉ tyd basies in die militêre tronk moet spandeer omdat hy weggeloop het uit die weermag uit, en nou... hulle wil hê ek moet met hom kom praat en hom probeer oortuig om terug te gaan, homself oor te gee, en ek kom by hom en hy wil nie met my praat nie, en hy stel nie belang om enige iets vir my te sê nie, en die enigste reaksie wat ek op hom kry... who cares? Niemand gee om nie.

Sy pa sit en koerant lees in die sitkamer, en die ma sê toe die kind inkom het die pa nie eers die koerant laat sak nie. Die pa het nie eers vir hom gesê wat soek jy hier nie. Die pa het nie eers kwaad geraak dat hy... die pa ignoreer hom heeltemal asof hy nie daar is nie en asof hy nie bestaan nie. En daardie aand kom vat die polisie hom, en daardie nag hang die seun homself aan sy skoenveters op in die barakke.

Jy weet, ek gaan uit, ek is... ek is... ek voel ek kon meer doen, jy weet. Jy gaan deur al daardie emosies. Jy kan dit nie glo nie. Jy is geskok. En een van die groot goed wat ek in my oorhou deur al daardie ervaringe was hoe belangrik dit is. Ek voel as daardie pa net kwaad geword het, as daardie pa hom ŉ pakslae gegee het daardie aand het hy sy lewe gered.

Die kind het gevoel ek het geen eer nie, ek het geen heerlikheid nie, ek het geen gewig nie, ek het geen belangrikheid nie. Of ek hier was of nie hier was nie maak nie saak nie. Niks maak saak nie, en ons sal enige iets doen daarvoor, en daarom het ons hierdie programme. Miskien kan ek dit kry in dit wat ek bymekaarmaak. Miskien kan dit kry uit my gedrag en uit die goeie goed wat ek doen en wat ek bereik. Miskien kan ek dit kry uit dit wat die mense vir my sê en wat hulle van my dink, en ek soek hierdie eer.

Ons het dit gehad. Die eerste boek in die Bybel sê vir ons met die skepping van die mens het Hy hom gekroon met eer en met heerlikheid. Jy is gedoksa, maar die mens verloor dit. Adam sê, nee, ek gaan self. Ek gaan nie... ek gaan nie vertrou nie. Ek gaan nie vertrou nie. Ek dink ek weet beter. Ek weet waar om dit te kry. Ek gaan... ek gaan... ek gaan eet. Ek self skep, ek gaan self... in Romeine 3, almal het gesondig. Dit ontbreek hulle in die heerlikheid. Die heerlikheid het verlore gegaan, en daar is ŉ diep hunkering in ons terug na die paradys toe om hierdie eer en hierdie heerlikheid te kry.

Nou sê Paulus, kom ek vertel julle die pad soontoe. Kom ek vertel julle hierdie pad. Dit is deur selfontlediging en deur selfvernedering. Kyk na Jesus se lewe. Hy sê hierdie selfde gesindheid moet in jou wees. Dit... en weereens is dit ŉ moeilike woord. Jy kry hom op klomp maniere vertaal. Jy weet, die Engelse sê this mind should be in you. Hierdie ingesteldheid, hierdie kyk na die lewe moet in jou wees want dit was in Jesus.

En in hierdie gedeelte in die Bybel kry ons ŉ diep insig in die innerlike funksionering van Jesus, wat het Hy gedoen binnekant, en wat het in Hom aangegaan, en die Bybel sê Hy het Homself ontledig. Hy het Hom leeggemaak van die self, en van die self wat Hy gehad het. Dit... en nou is hierdie uitnodiging maak jou leeg van die self wat jy geskep het en jy gecreate het, daardie self wat tot stand kom deur ydele eer, en daardie self wat tot stand kom deur daardie selfsug waarmee jy leef, om dit te hê, om dit te kry. Maak jou leeg van dit. Maak jou leeg van daardie proses en van daardie motivering wat in jou is om ŉ lewe te skep.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Nou, hier is die paradoks. Dit is 'n uitnodiging om dit te laat gaan, dan gaan jy dit kry. Dan sal jy verhoog word, en dan gaan jy dit kry. Jy word gevat hier na die diep misterie en die paradoks van die Christen lewe toe. As jy wil hê moet jy laat gaan, en as jy vashou dan gaan jy dit verloor, dan gaan jy dit nie kry nie. Solank as wat jy in selfsug en ydele eer leef, solank gaan die lewe jou bly ontvlug, en solank gaan jy nooit daardie diep eenheid beleef, in die verhoudings instap van liefde wat God vir jou het nie. Maar wanneer jy dit laat gaan kan jy dit kry.

Maar jy moet dit eers hê. Jy moet bewus wees, en ons kan vandag ander woorde daarvoor... 'n dinamiese ekwivalent kan miskien... die ego moet jy laat gaan, en Paulus sê ek het die ego gekruisig, Galasiërs 2:20. Ek is met Christus gekruisig, en die Griekse woord vir ek is ego. Ego is met Jesus gekruisig nou. Daar is 'n... en as ek vashou aan... Matteus 16:25, as jy jou lewe wil red dan gaan jy dit verloor, maar as jy jou lewe laat gaan dan gaan jy dit kry. Hier is 'n uitnodiging, maar voordat jy dit kan doen moet jy een hê en jy moet bewus wees van hierdie funksionering van selfsug en ydele eer in jou lewe.

Solank as wat jy onbewus is daarvan gaan jy glad nie dit kan aflê nie, en as jy bewus raak daarvan dan het jy 'n groot geloof nodig in Jesus, dat ek gaan die lewe kry deur dit te laat gaan, want ons kultuur en alles in ons sê dis nie so nie. Die lewe is klim die leer van... gaan op. Moenie afgaan nie. Staan op jou regte. Create dit, skep dit, control dit, manipuleer dit. Bemark jouself. Sê hierdie goed sodat jy dit kan kry, want as jy dit nie doen nie gaan jy agterbly, en dit is... ek het 'n aanhaling van Henri Nouwen daar wat praat van upward mobility en downward mobility, en hy sê die lewe van Jesus nooi ons uit om downward mobility te embrace, om ons hemel prys te gee en die lewe wat ons droom en van skep, om dit te los en Hom te vertrou, en dit te laat gaan.

En alles in ons skreeu teen dit. Daar is eintlik twee soorte bewegings waarmee ons almal geestelik mee besig is. Die een is om die ego te enhance en te versterk, en baie doen dit deur godsdiens en wil God gebruik om hulle te help om dit te doen, en die ander manier is om dit oor te gee en leeg te maak en dit te laat gaan. Daar is eintlik net twee bewegings, en ek dink die twee word mooi uitgespel deur twee figure. Die een is Donald Trump. Hy sê show me somebody with a little ego and I'll show you a big loser. En Johannes die Doper sê ek moet... hy moet meer word, maar ek moet minder word, Johannes 3:30. Dis upward mobility, dis donwward mobility. Dis twee soorte verskillende bewegngs in die Christen lewe.

En dan; verneder jouself. Dit is... die ontlediging is innerlike werk wat jy doen, en dan kom daar die vernedering wat kom. Miskien net voordat ons by die vernedering kom, die gebed... ek het op 'n gebed afgekom wat tipies hierdie ontlediging uitbeeld en sê ek laat gaan my begeerte vir sekuriteit en oorlewing, jy sien, daardie goed om te kan kry, en wat ek alles kry deur die goed wat ek kry. Ek laat gaan my begeerte vir aansien en aanvaarding. Ek laat gaan my begeerte vir mag en beheer. Dis oorgee, Psalm 46:10. Laat staan en weet dat ek God is. Laat staan. Let it go. Let go and let God, en dit beteken nie nou is ek leeg, nou het ek... nee, nou sal Hy my 'n naam gee wat bo ander... nou kry ek dit waarna ek ten diepste soek by God.

Kyk, dis die plek waaruit Jesus gekom het. Hy kom uit die drie-eenheid, 'n plek van volmaakte aanvaarding, sê Filippense 2, en liefde. Hy kom uit daardie plek uit en Hy ontledig Homself. Jy kan jouself ontledig want daar is 'n plek van volheid, en die Griekse woord is kenosis. In die eerste kerk was dit so 'n groot woord wat gebruik was. Hulle sê in die drie-eenheid is daar kenosis. Die Vader maak Hom leeg in die Seun, en die Seun maak Hom leeg in die Gees, en hulle sal vir mekaar vra, kenosis jy.

Kenosis jy? Is jy op die journey? Kenosis jy? Het jy bewus geraak? Het jy bewus geraak van 'n ander pad, 'n ander innelike pad wat jy kan stap met God? En is jy besig om te laat gaan, en are you letting go, want dan kan jy volgemaak word deur God? Ek laat gaan my behoefte aan aanvaarding want ek weet ten diepste is ek deur God aanvaar, en dit is wat saak maak, dis wat saak maak. Ek weet, al verloor ek dit wat ek het, ek verloor nie my bron nie.

God is my bron. Hy sal vir my sorg. Ek kry nie my sekuriteit in my bankbalans nie. Ek kry my sekuriteit in God, want hierdie wêreldmarkte kan geskud word en jy kan alles verloor wat jy het, maar ek kan God behou, en Hy is my bron, en Hy kan vir my sorg en my beheer en my... God maak deure oop. God maak... gee guns by mense. Jy weet, lees die Bybel van die begin af, en Hy en Josef het guns gevind in die oë van die ander mense. God sit hulle brilletjies aan. Hulle like jou, of hulle wil of nie. Hulle kan nie help nie, hulle like jou want die Here sit dit op vir hulle, so ek laat dit gaan want ek kry dit by God.

Die vernedering is die uiterlike aksies. Vernedering is die dade wat jy dan begin te doen, jy weet, dan begin ek te dien. Dan sê ek, okay, ek wil die nie hê nie. Ek wil dit hê. Ek wou dit gehad het, maar ek sien nou hoekom ek dit




**© 2012 Mosaïek**

wou gehad het, en dit is ŉ leuen. Ek het dit nie regtig nodig om te lewe nie. Ek het dit nie regtig nodig om gelukkig te wees nie. Ek kan dit laat gaan, en nou kan ek vir jou gee. Daarom sê hy... ek hou van die... ŉ message wat sê practice playing second fiddle. Speel die tweede viool, nie die eerste viool nie.

Ag ander hoër as jyself. Dien hulle. Gee hulle... hey, die lewe gaan nie net oor my nie. Die lewe gaan oor hulle. Hey, kan ek hulle help om te kry wat hulle wil hê? Dis ŉ ander ingesteldheid. Dis ŉ vernedering. Wat belangrik is hier, is dat ons nie net sal fokus op die vernedering en die dade te doen nie, maar ook om die innerlike werk te doen, jy weet, en dis miskien iets wat die probleem is van die bandjie. What Would Jesus Do is ŉ fokus net op gedrag. Maar Jesus se voorbeeld is hier ŉ innerlike motivering wat ook van belang is.

Daarom sê Dallas [?] miskien is ŉ beter vraag How Would Jesus Do It or Why Would Jesus Do It, want jy kan die uiterlike gedrag van nederigheid openbaar sonder dat jy die innerlike werk van selfontlediging gedoen het, en daarom word die daad van selfvernedering weer ŉ daad van selfversterking en jy word trots omdat jy so nederig is. En jy voel nou, nou het ek... kyk, die Christen lewe is nie ŉ gedragterapie program van selfverbetering nie. Dis nie die Christen lewe nie.

Die Christen lewe is waaroor vandag gaan, pentecost. Dit gaan oor ŉ bekragtiging deur die Heilige Gees om ŉ nuwe lewe te leef wat jy nie op jou eie kan leef nie. Dit gaan alles... ons... dit is ŉ nuwe manier van Pinkster vandag. Hy oortuig jou van jouself. Lewe in selfsug. Hy oortuig jou van die ydele eer waarna jy soek. Dis net Hy wat dit vir jou... net Hy kan jou oë oopmaak om dit te sien, en dan kom die Heilige Gees en dan gee Hy vir jou die oortuiging van Jesus. Hy wys jou die wonderlike lewe van Jesus.

Jy word aangetrek na die lewe van Jesus toe. Jy glo Jesus. Jy wil Jesus volg. Jy doen die werk van selfontlediging. Jy glo teen alles wat jy kan sien en voel want jou intuïsie en binne in gaan vir jou sê jy kan nie dit laat doen nie. Jy gaan niks wees nie. Onthou nou net, nê, dis jou diepste behoefte. You're giving it away. En dan kom die Heilige Gees en dan gee Hy vir jou, en dan sê Hy vir jou binne in jy is Sy kind. Jy is Sy kind, en dan gee Hy vir jou krag om hierdie goed te doen. En as jy hierdie goed begin te doen dan sê jy, ahh, ek kan dit doen. Ek kan dit doen. Ek is besig om in hierdie lewe in te stap.

Genoeg van die teorie. Kom ons kom na die praktyk toe. Wat beteken dit vir jou vandag? Ek wil net ŉ paar goed wat hierdie week my pad langs gekom het... ek hoor van iemand wat ŉ aanbieding voorberei het vir haar baas, wat toe gegaan het, die aanbieding gedoen het, en gemaak het asof dit sy eie is en nie een keer melding gemaak het van haar nie, sy was deel en sy was in die gehoor, of een keer erkenning gegee het of enigsins dit in die publiek bekend gemaak het nie. Sy is diep ontsteld daaroor. Sy is geïgnoreer. Sy het nie erkenning gekry nie.

Wat maak jy nou daarmee? Wat maak jy nou daarmee? Jy het baie keuses, nê. Hier is ŉ groot moontlikheid, ŉ groot moontlikheid van selfontlediging en van verneder jouself, groot moontlikhede. Ek preek altyd my preke aan iemand voordat ek hier kom preek, en toe ek nou met die persoon praat oor dit waaroor ek gaan praat toe sê hy vir my, vertel jou storie. Toe sê ek, nee, ek wil nie. Toe sê hy, ek challenge jou, so ek gaan probeer. Ek wou nie. As dit nie lekker uitwerk nie, vergeet dit, sny dit uit, haal dit uit.

Ek is deel van ŉ groep waarin ek myself soort van ingegrawe het in ŉ sekere onderwerp. Ek het studeer, ek het gelees, ek het soort van die kenner geword tussen ons in die groep. Ek begelei studente nagraads in hierdie onderwerp, en toe die groep voel hulle wil hê iemand moet met hulle praat oor die onderwerp toe vra hulle nie vir my nie, toe vra hulle een van die studente, wat na my toe kom en vir my vra of hy my materiaal kan gebruik om dit aan die groep mee te deel.

Ek het dadelik die onderskeiding ontvang dat my tyd in die groep verby is. Hulle moet nou maar aanbeweeg. Ek weet nie, dis hoe ek gevoel het. Ek het... ek was so teleurgesteld, maar weet jy waaroor was ek meer teleurgesteld? Toe ek hierdie eie patroon van selfsug en ydele eer... jy weet, ŉ ou voel net ek is soort van verder in die lewe al. Ek weet nie hoekom nie, maar dis ook maar weer ŉ manier van... ek het dit gedoen, en toe is ek so teleurgesteld, eers teleurgesteld omdat hulle my nie nooi en alles nie, seergemaak, en toe die ou nou nog my materiaal vra toe sê ek vir hom, ja, ek is seker ons kan binne tien jaar ŉ plan maak, dan kan dit gebruik in die groep, en onthou net, dit het copyright op en so aan, en... en ek voel ŉ ander uitnodiging deur die Heilige Gees wat vir my sê, ontledig jouself.

Ek probeer nog steeds by daardie groep erkenning kry. Ek probeer nog steeds by daardie groep my posisioneer, onbewustelik op ŉ manier, dat hulle moet sê, okay, hy is die boffin hieroor, en ek moet dit laat gaan. Ek moet

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com


**© 2012 Mosaïek**

daardie behoefte laat gaan, en dan voel ek so ŉ uitnodiging deur die Gees om non-possissive te wees oor dit wat ek het, en dit te gee en te sê vat alles, gebruik alles, en ek hoor 'n stem wat my uitnooi en sê, maar hoekom kan jy dit nie laat gaan waaroor dir gaan nie? Dit gaan mos om daardie mense te help met hierdie spesifieke ding.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Is dit waaroor dit gaan, of gaan dit oor wie doen dit, hoe doen hy dit, wat kry jy uit dit uit? Hoekom doen jy nie alles in jou vermoë om daardie mense te help dat hulle net kan groei in daardie een ding nie, want jy het mos nou iets. En toe kry ek so ŉ uitnodiging wat so vreemd is en so anders voel. Hierdie uitnodigings kom na ons toe elke dag op baie maniere. In die verkeer kom hy na jou toe, in die tou as jy staan om te betaal vir jou kruideniersware.

Ek weet nie, gebeur dit ook met julle? Dan staan daar ŉ ou met ŉ... jy kyk eers, okay, watter ry. Watter ry gaan die vinnigste wees, obviously, nê? Ons is haastig. Ons is belangrik. Ons het werk om te doen, jy weet, hierdie ding is... moet jy so vinnig as moontlik afhandel. Ek love hierdie ander plek. Hulle het nou ses en... wat... 62 rye waarin jy kan gaan staan. Jis, dis net so. Ek ry vêr. Ek ry ŉ halfuur soontoe net om nie in ŉ tou te gaan staan nie. Jy weet, daardie plek is great, nê.

Maar dan kyk jy, okay, watter tou gaan die vinnigste, en as jy so aangaan dan sê jy, jis, ek moes daardie tou gevat het. Maar ek weet nie hoekom gebeur dit nie. Deo ou wat voor jou staan het net so twee goedjies, nê, maar dan kom boeta en sussa met die trollies aangedryf hierso, en ja, ja, baie dankie, nê, en nou is dit te laat om uit te klim want nou is daar al weer vier ander ouens in daardie tou, en ja, hier gaan dit nou. En dan val jy altyd in die tou met die kassier wat vir die eerste keer werk, nê, net gou, ting, ting, help please, jy weet.

Hoekom is dit so? Dis ŉ kans. Dis ŉ geleentheid, en ek wil net vir my familie vra, asseblief, gee my ook net net ŉ break, want as ek na ŉ tou toe gaan dan staan... okay, kom ons kyk. Ag, hy gaan nou weer try, huh. Net asseblief, back off as iemand probeer om iets te doen. Gee hom ŉ spasie, ŉ ruimte, ook as hy nie die dag kans sien daarvoor nie, nê, maar dis ŉ kans om te sê practice playing second fiddle.

Hoekom vat jy nie partykeer die langste tou nie? Hoekom vat jy nie, as jy sien hier kom ŉ ou tannie, hey, kom in met jou trollie, kom hier voor my in? Practice playing second fiddle. Want hoekom, hoekom is dit so, hoekom? Want ja, dit gaan in daardie diep wortels van ons in, nê, van wie ons dink ons is, oor ons lewe, oor alles, nê. Laat dit gaan, laat dit gaan.

So waar is jy vanoggend? Miskien is jy op ŉ plek waar jy sê, jis, ek... hierdie... hierdie goed is net... dit klink nie vir my lekker nie. Miskien is jy net op ŉ plek waar jy nog moet ondersoek instel na die lewe van Jesus. Wie was Jesus? Hoe het Jesus geleef? Ek meen, al daardie goed is in Filippense 2, wie was Hy, hoe het hy geleef, nê. Maar miskien moet jy dit nog net eers ontdek, dat jy daardie geloof kan kry, dat jy daardie aangetrokkenheid moet kry na ŉ ander lewe.

En dis ŉ lewe van vryheid. Dis ŉ lewe van ek weet nie die beste nie en ek is nie in beheer nie, maar God is, my Vader is, en Hy weet die beste. Dis ŉ lewe van avontuur. Dis ŉ lewe van sekuriteit op die regte plekke te kry. Dis vry. Dis vry van wat mense... Paulus sê in 1 Korintiërs 9, hy sê... hy sê ek is vry van alle mense. Wow, wat ŉ plek om te wees, vry van alle mense. Niemand het iets op my nie. Ek is vry. Wat ŉ plek, en daar is \n pad na daardie plek toe. Daar is ŉ pad na daardie lewe toe en jy moet dit dalk nog ontdek.

Miskien is jy op ŉ plek waar jy sê ek wil, maar ek het nie ŉ groot bewussyn van hierdie proses en van hierdie motivering wat aan my is nie, dan bid jy, come, oh Holy Spirit, Veni Sancte Spiritus, kom, o Heilige Gees, wys my, Jesus. Is daar ŉ... is daar ŉ weg van smart in my? Lei my op die ewige weg, lei my. Miskien is dit tyd vir oefeninge. Jy sien die goed kom, nê. Iets gebeur. Jy sit in ŉ verhouding en dit is... dis totaal onaanvaarbaar. Dit ontstel jou diep.

O, dis ŉ wonderlike plek om te wees. Dan kan jy gaan voel. Voel dit. Voel hoe voel dit in jou lyf. Waar voel jy dit. In jou maag, in jou rug, in jou nek? Waar voel jy hierdie ding wat met jou gebeur? En voel hom emosioneel. Watse gevoel is dit? Is dit woede? Wat is dit? Gee ŉ naam vir daardie ding waarmee jy sit, en dan vra jy, o Heilige Gees, wys my, help my. Help my. Gee my insig in die motief en die patroon wat daar in my lewe is. Help my om te sien. En jy kan die letting go gebed bid, wat jou kan help om net te sê ek laat dit gaan. En nou, wat beteken nederigheid vir my nou in hierdie situasie? Wat beteken dit nou vir my? Amen.

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons hier kan saam wees. Ons dank U vir Pinkster en vir die Heilige Gees wat woorde lewendig maak, wat oë oopmaak, wat begeertes opwek, wat krag gee om te kan doen. Ons


**© 2012 Mosaïek**

dank U.  Ons het U so nodig.  Kom, o Heilige Gees, kom in ons lewe waar ons nou is. Help ons, elke een van ons, om net in te stap in hierdie lewe van Jesus.  Help ons om die weg te kan sien, die pad, ons uitnodiging te hoor, hoe U ons wil trek in hierdie nuwe lewe van vryheid en van krag, van energie.  Ek dank U daarvoor vanmôre, Vader, in die naam van Jesus, amen.

Mag die genade van die Here Jesus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees met jou wees en bly, amen.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

die kuns van lewe


**© 2012 Mosaïek**